# Hermann Friedrich Kohlbrugge (1803-1875): Die mens niks, Christus alles

**Dr AH Bogaards**



**27 Augustus 2022**

## Inhoudsopgawe

Vooraf ........................................................................................................ 3

1. Inleiding ........................................................................................................ 3

2. (Kohlbrugge) afgesit as predikant van die Herstelde Lutherse Kerk ........................ 5

3. sy proefskrif ........................................................................................................ 6

4. Sy aansoek om toelating tot die Hervormde Kerk afgewys oor sy Christus-prediking ........................................................................................................ 8

5. Sy eerste besoek aan Elberfeld en sy preek oor Romeine 7:14 ................................ 8

6. Kohlbrugge se houding teenoor die Afskeiding .................................................... 11

7. Uiteindelik Predikant in Elberfeld ........................................................................ 11

8. Sy belangrikste boek ........................................................................................ 11

8.1. die getuienis van Simeon. ................................................................................ 12

9. Kohlbrugge op sy sterfbed ................................................................................ 13

10. Naskrif ........................................................................................................ 14

## Vooraf

My hoog gewaardeerde professor, wyle professor Floor, het kort na die voltooing van my proefskrif oor Kohlbrugge vir my gesê: **Daar was nog nooit 'n tyd waarin Kohlbrugge so belangrik is as juis nou nie.**

My lesing van vandag is nie bedoel om ’n volledige lewensbeskrywing van Kohlbrugge te gee nie. Ek gaan net enkele hoofmomente in sy lewe uitlig.

Sodoende wil ek Kohlbrugge se groot waarde ook vir vandag laat sien.

## 1. Inleiding

Daar was eemaal ’n man wat gesê het: ***Sonder kansel, sonder prediking, kan ek nie lewe nie.***

Preek was vir hom van die aller grootste belang.

Dit is ook glad nie vreemd nie. Immers, om te preek en te preek en nogmaals te preek, was die groot kenmerk van die kerk in die boek Handelinge. In die Handelinge-boek sien ons: Juis die prediking was die manier waarop die verhoogde Christus in Handelinge sy kerk vergader het.

Daarin alreeds lê die **eerste les** vir ons as kerk vandag opgesluit: Ons moet preek en preek en nogmaals preek. In die prediking van die kerk lê die geheim van kerkgroei en kerkuitbreiding en kerktoerusting. Maar helaas is juis dit die groot tragedie van ons tyd: die uitbreiding van die kerk word in talle ander rigtings gesoek, maar nie in preek nie. Inteendeel, daar word steeds minder gepreek. In ons tyd is die waarde en absolute noodsaak van preek en werklik Skrifverklaring ’n vergete, ‘n verwaarloosde waarheid.

Wie was hierdie man, wat gesê het: ***Sonder kansel, sonder prediking, kan ek nie lewe nie?***

Dit was Hermann Friedrich Kohlbrugge. Hy is gebore in 1803 in Edam in Nederland. Hy is oorlede in Elberfeld in Duitsland in 1875.

Om te preek was sy lus, sy liefde, sy lewe.

En **tóg - tóg** is hy deur sy lewe heen telkens die kansel geweier.

Wat was dan sy **probleem**? Waarom wou mense hom met mag en mening weghou van die kansel? Sy prediking was die probleem: **die inhoud van sy prediking**. Want

Kohlbrugge het met groot krag gepreek: ***die mens is 'n nul en Christus alles.*** Daarmee het hy bedoel: Die mens kan geen enkele bydrae lewer tot sy eie saligheid nie. Christus moet alles doen.

Hierdie soort prediking van Christus het nog altyd verset opgeroep – en dit is vandag nog so. Hierdie weerstand is natuurlik nie iets vreemds nie. Jesus Self het dit immers onder andere in Matteus 12:22 vir sy volgelinge gesê: … ***julle sal deur almal gehaat word ter wille van my Naam.***

En in Galasiërs 1:11 verklaar Paulus: ***hierdie evangelie is nie na die mens nie***. So ’n evangelie dat die mens absoluut geen bydrae kan lewer tot sy saligheid nie, so ’n evangelie dat Christus alleen alles moet doen – so ‘n evangelie is nie na die mense nie.

Kohlbrugge het met groot beslistheid ingegaan teen die gedagte dat die mens self iets tot sy saligheid kan bydra. Van die mense se poging om self deur goeie werke die Wet te vervul en so ’n bydrae tot sy verlossing te kan lewer, skryf hy: ***Werp julle heiligingskrukke ver van julle af weg. Daarmee sal julle nooit die berg Sion opkom nie*** Dit is’n sinspeling op Psalm 24.

Op ’n ander plek sê hy dit nog so: ***Bind u naam, u bekering, vroomheid en heiligheid, in kort alles, bymekaar in 'n bondeltjie en gooi dit daar waar dit hoort: aan die voete van die duiwel. En so arm en naak soos Adam in die paradys, luister na die evangelie van God, wat verkondig wat Eén (Christus) gedoen het vir almal, vir u, hoe Hy die slang se kop vermorsel het***. Daarmee wil hy leer: Vergeet van al julle goeie werke. Steun alleen op dit wat Christus in u plek gedoen het om die Wet te vervul en die duiwel te oorwin.

In een van sy eerste preke, 'n preek oor Psalm 45, begin hy so: God maak sy heiliges heeltemal tot niet, sodat Hy alleen in hulle groot sal wees. Hy maak hulle geheel en al leë kruike, om ons heeltemal met sy volheid te vul. **Hoor julle dit goed**, wat Kohlbrugge sê? Dit is net ***Hý, Hý, Hý***. Dit is net God alleen. ***Hý*** moet ons leë kruike maak en ***Hý*** maak ons dan vol met Christus.. **Elke stukkie van ons geestelike lewe** en verlossing kom net van Christus alleen – van die bodem van die kruik tot heel bo.

'n Aanhaling uit 'n brief van Kohlbrugge laat hom ook sien as pastor met presies dieselfde boodskap:

Op 'n dag het daar naamlik 'n man uit Nassaue by hom aangekom. Die man was nog met stof en sweet bedek van die lang en uitputtende reis. Hy wou by Kohlbrugge weet:

dominee, wat moet ek doen om salig te word. Daarop het Kohlbrugge hom geantwoord: gaan maar weer huis toe, rus uit en vra dit van die lewende God. Gaan lees Romeine 9:16. Daar, in daardie die teks sal God jou leer: dit hang nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig, wat genadig is (Rm.9:16). Daarmee het Kohlbrugge die man heeltemal weggewys van homself en hom heengewys na God se genade alleen.

As ek self die teologie van Kohlbrugge in een sin moet saamvat, doen ek dit so: **Ons kan nooit die mens diep genoeg in Christus en sy heilswerk intrek nie**. Christus is nie net ons geregtigheid nie, maar Hy is ook ons heiligmaking. Christus het nie net ons sondeskuld betaal nie, maar Hy verlos ons ook van die sondemag. Nie eens ons **dankbaarheid** is ons eie werk nie. **Ook ons hele dankbaarheid is Christus se werk, van A tot Z.** Dit het Jesus in alle helderheid gesê: Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. (Johannes 15:5)

Die eerste keer wat hy van die kansel af gedryf is, was toe hy

## 2. (Kohlbrugge) afgesit as predikant van die Herstelde Lutherse Kerk

Kohlbrugge was lidmaat van die Herstelde Lutherse Kerk. In 1827 is hy bevestig as hulpprediker in die Herstelde Lutherse Gemeente in Amsterdam.

Baie gou egter het Kohlbrugge se diepste oortuiging oor Christus alleen konflik gebring. Een van die dominees, dominee Uckermann, het gepreek oor Johannes 16:5-15. Dit was 'n preek wat deurdrenk was van die gees van die tyd.

Kohlbrugge het dadelik 'n beswaarskrif ingedien. In dié beswaarskrif wys hy onder andere op die verswyging van Christus in Uckerman se preek. Uckermann se preek sê niks daarvan dat 'n sondaar deur die geloof alleen regverdig word nie. Van Jesus Christus as die enigste fondament van die geloof en van die mens se totale onvermoë tot enige goed staan daar niks nie. Die grootste gedeelte van die leerrede het gegaan oor die mens sedelike verbetering deur eie wil en krag.

Die kerkraad het geëis dat Kohlbrugge die klag dadelik moet terugtrek. Dit het Kohlbrugge geweier. Daarop is hy afgesit as predikant.

In ’n brief in daardie tyd skryf hy: As die mens en sy eie werke, sy eie geregtigheid platgeslaan word en Christus alleen gepreek word, staan wêreld en duiwel, kerkvergaderings en kerkleiers teen hom op en hits mense aan om sulke getuies te kruisig.

Na sy afsetting het hy na Utrecht gegaan vir

## 3. sy proefskrif

Dit was in 1828.

Sy proefskrif het gehandel oor Psalm 45. Dit was **aanvanklik** bedoel as bloot net ’n **talestudie**. Dit het egter **uitgeloop** op’n **volledige kommentaar** op die hele Psalm.

In sy proefskrif kom hy tot die gevolgtrekking: Psalm 45 handel ***nét*** oor Christus en sy bruid, die kerk. Daarmee het hy ingegaan teen die algemene opvatting van geleerdes in sy dae: dat Psalm 45 slegs 'n Oosterse bruilofslied oor Salomo is.

Natuurlik was die professore glad nie ingenome met so 'n proefskrif nie. Hulle het Kohlbrugge se opvatting verouderd en onwetenskaplik gevind. So 'n proefskrif sou 'n skande vir die universiteit wees, het een gemeen. Hy moes liewer 'n ander proefskrif skryf. Kohlbrugge se antwoord was: ***Ek sal nie 'n ander een skryf nie. Dan moet julle my liewer laat druip***. Die proefskrif was egter so goed dat hy uiteindelik met onderskeiding geslaag het. Op 4 Junie 1829 het hy sy doktorsgraad ontvang.

Ek wil ’n paar belangrike flitse uit sy proefskrif gee:

Kohlbrugge se lewensoortuiging was: ***die mens is 'n nul, Christus alles***. Hierdie Skrifbeginsel het hy ook in sy Skrifverklaring en dus in sy uitleg van Psalm 45 toegepas. Hy het het Bybelgetrou daarby gebly: Van nature is die mens onbekwaam ook om die Skrif te verklaar. Ook in ons Skrifverklaring moet Christus alles doen.

Dit is presies wat die Heidelbergse Kategismus ons leer, wanneer dit sê: ons heeltemal onbekwaam is tot enige goed en geneig tot alle kwaad. Dit sluit eweneens in: Van nature is ons heeltemal onbekwaam om die Bybel te verstaan en te verklaar.

**Christus alleen leer ons die Ou Testament reg verstaan en waardeer.**

In sy proefskrif skryf Kohlbrugge daarom: 'n Mens moet in die skool van die beste Leermeester, Jesus Christus, en sy apostels, dit wil sê in die Nuwe Testament, les ontvang in Skrifuitleg. Hulle het die sleutel tot die verstaan van die Ou Testament

gegee. Met daardie sleutel kan ons die heilige deur tot die geheimenisse van die Skrifte van die Ou Verbond open. In die klaskamer van die Nuwe Testament leer ons die Ou Testament ken as die **gesagvolle Woord van God**, wat **Christus aan ons verkondig**. By hierdie gedagte kom hy telkens in sy lewe weer terug.

In sy proefskrif behande hy vanselfsprekend ook vers 7 en 8, waar Psalm 45 sê: … U troon, ***o God***, is vir ewig en altyd … Daarom het, ***o God***, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle. So vertaaal ons 1953-vertaling dit ook.

Wie is daardie ***o God***? Is dit Salomo wat as ***o God*** aangespreek word? So het geleerdes in daardie tyd hierdie tekste verstaan. En - dit is so hartseer – maar so is dit vandag nog.

Hoe weerlê Kohlbrugge hierdie standpunt en hoe bewys hy dat dit in hierdie Psalm net oor Christus gaan.?

Hy gaan na Christus toe. Die Nuwe Testament en met name die Hebreër-brief was vir Kohlbrugge in die verstaan van Psalm 45:7, 8 van deurslaggewende belang. En daar – daar in die Hebreërs - word die ***o God*** van Psalm 45 in alle duidelikheid op Christus toegepas.

Ek wil dit  ook noem dat Kohlbrugge ’n baie groot kenner van die Hebreeus en die ander Semitiese Tale was.

Wanneer hy daarom by Psalm 45:6,7 kom, bewys hy uit die Hebreeus dat die woorde ***o God*** slegs as vokatief, as aanspreekvorm, vertaal kan word. Daarom kan dit nooit Salomo of watter ander koning ook al wees wat as ***o God*** aangespreek word nie. Want geen mens of koning in die Ou Testament word ooit aangespreek as ***o God*** nie.

Dit is duidelik: Kohlbrugge het hom in sy verstaan en waardering van die Ou Testament net laat lei aan die hand van Jesus, dit wil sê aan die hand van die Nuwe Testament en ook aan die hand van die Ou Testament. Hy het hom gehou by die groot Skrifverklaringsbeginsel: die Skrif is sy eie verklaarder.

Hier kry ons **nog ’n lewensles**. Wie nie die hele Skrif wil gebruik om die hele Skrif te verklaar en elke woord te vertaal en te verklaar nie, verlaat die leerskool van Jesus. Op ’n ander plek sê hy ook nog: Moses en die profete is die beste manne om ons rond te lei in die Koning se paleis. Waarmee hy bedoel: die Nuwe Testament kan nie verklaar word sonder die Ou Testament nie. Die Skrif is sy eie verklaarder, die volmaakte kommentaar.

## 4. Sy aansoek om toelating tot die Hervormde Kerk afgewys oor sy Christus-prediking

Algaande het Kohlbrugge oortuig geraak van die gereformeerde leer, onder ander die oor die leer van die uitverkiesing. Daarom het hy in Januarie 1830 aansoek gedoen om lidmaatskap van die Hervormde Kerk te Utrecht.

Wat daarop gevolg het, was 'n lydensgeskiedenis. Hy is van een kerklike vergadering na die ander gestuur, maar lidmaatskap is nie aan hom nie toegestaan nie. Hierdie hele drama het amper drie jaar geduur.

In gesprek met ’n sekere dominee Van Slogteren, een van die predikante, het die aap uit die mou gekom: Van Slogteren was nie tevrede met Kohlbrugge se beskouing oor Christus en sy werk nie. Daarom het hy vir Kohlbrugge gesê***: Ons het verdedigers soos jy nie nodig nie***. Aan die einde van die gesprek het Van Slogteren reguit vir hom gesê: ***Ons moet rus hê in die kerk!*** Kohlbrugge met sy Christus-prediking en sy verkondiging dat die mens niks kan doen sonder Christus nie – dit sou net onrus stook in 'n kerk wat vas oortuig was van die besondere vermoë van die mens.

In 1833-1834 het Kohlbrugge vir die eerste keer na Elberfeld in Duitsland gegaan. Dit was ter wille van sy gesondheid.

## 5. Sy eerste besoek aan Elberfeld en sy preek oor Romeine 7:14

Dit was tydens hierdie besoek dat hy sy bekende preek oor Romeine 7:14 gelewer het. In daardie vers lees ons: ***Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde.***

Dit was juis na aanleiding van hierdie preek dat die etiket om sy nek gehang is dat hy ’n **antinomiaan** is. Met ’n antinomiaan word bedoel: iemand wat sê dat 'n Christen nie meer die Wet hoef te onderhou nie, omdat Christus alles in ons plek gedoen het.

Kohlbrugge druk hom sterk uit in die preek. Hy sê byvoorbeeld: die Wet vir ons ***'n lyk*** geword het.

In hierdie preek staan ook sy bekende uitspraak: Werp julle heiligingskrukke ver van julle af weg. Daarmee sal julle nooit die berg Sion opkom nie - ’n sinspeling op Psalm 24.

Wie Kohlbrugge se preek **én** ook hoofstuk 7 van Romeine egter met aandag lees, kom tot die ontdekking: Kohlbrugge trek beslis *nie 'n streep deur die Wet as reël van dankbaarheid* nie. Wat hy w*el afwys is dié beskouing* dat die mens, met die Wet in die hand, sy eie saligheid op 'n manier kon help bewerk.

In die preek verklaar hy wat volgens hom wel *die bedoeling van die Wet* is volgens Romeine . Die doel van die wet is om die mens van die sandgrond van sy eie werke af te dryf en om ons na die Rots Christus te jaag. Christus alleen vervul die Wet vir ons en bewerk so ons heil.

As ons na Romeine 7 en na die Romeine-brief in sy geheel kyk, sal ons sien dat dit eweneens Paulus se bedoeling met Romeine 7 is.

Ek wil ’n bietjie nader toeligting gee om julle te laat sien hoe Kohlbrugge misverstaan is.

Julle weet mos dat die **Heidelbergse Kategismus** sy **driedeling by die Romeinebrief** gekry het.

Vanaf Romeine 1 tot by Romeine 3:20 gaan dit oor ons **ellende**. Met Romeine 3:21 begin die gedeelte oor ons **verlossing**. Dit strek tot by die einde van hoofstuk 11. In Romeine 12 begin die derde deel, die deel oor ons **dankbaarheid**. Hoofstuk 7:14 val dus in die deel oor die verlossing: Dit leer hoe ons die wet moet sien in die lig van Christus se verlossingswerk. In Romeine 7 lê Paulus naamlik groot nadruk daarop dat dit vir die mens onmoontlik is om die wet te onderhou. Daarom kom Paulus in die voorlaaste vers van Romeine 7 tot die versugting: Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Hierdie sondige aard? Wie sal sal dan die wet volkome onderhou? En dan kom die jubeling van Paulus: Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here! (7:26)

Maar ek wil julle aandag op nog ’n ander uitspraak van Kohlbrugge vestig. Daardeur word Kohlbrugge se siening oor bekering, heiligmaking en dankbaarheid in verder duidelik – iets waarop hy die grootste kritiek gekry het en nog kry.

Hy skryf naamlik op ’n plek: ***Ek is bekeer op Golgota.*** Met hierdie uitspraak sluit Kohlbrugge hom 100% by die Kategismus aan.

In die derde deel van die Kategismus, die deel oor die dankbaarheid beskryf ons belydenis die **bekering** onder andere as **die afsterwing van die ou mens**. (Sondag 33:88).

Maar nou moet julle baie goed raaksien: hierdie afsterwing van die ou mens kom alreeds in die deel oor die verlossing ter sprake. In vraag 43 word ons naamlik gevra: ***Watter nut verkry ons nog meer uit die offerande en die dood van Christus aan die kruis?*** En dan lui die antwoord: ***deur die krag van Christus word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe word, sodat die bose luste van die vlees in ons nie meer regeer nie, maar dat ons onsself aan Hom as 'n offerande van dankbaarheid kan toewy.***

Daarmee wortel die Heidelberger ons dankbaarheid volledig in die verlossingswerk van Christus, in die tweede deel van die Heidelberger. Die afsterwe van ons ou mens, ons bekering, ons dankbaarheid word onlosmaaklik verbind aan die kruis. Sonder die verlossing is ons tot geen dankbaarheid instaat nie.

En - hierdie waarheid kry Kohlbrugge en die Kategismus nêrens ander as in die Romeine-brief nie. Immers, in Romeine 6, in die deel van Romeine oor ons verlossing, skryf Paulus oor ons ou mens: ***Ons weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.***

Hierin is vir ons **nog ’n les** opgesluit: **ons mag nooit, vir geen enkele oomblik, ons heiligmaking, ons dankbaarheidslewe losmaak van Christus se verlossingswerk nie**. Dit gebeur ongelukkig baie – ook vandag.

Wie die Kategismus en Kohlbrugge se Kategismuspreke ken, sal duidelik sien hoe goed Kohlbrugge die Skrif en die Kategismus geken het.

Kohlbrugge het ’n baie hoë waardering vir die Heidelbergse Kategismus gehad.

Een van sy laaste woorde voor sy sterwe was: die Heidelberger, die eenvoudige Heidelberger, hou daaraan vas my kinders. Na aanleiding van hierdie woorde is daar ’n boek met van Kohlbrugge se Kategismuspreke gepubliseer: Die eenvoudige Heidelberger.

## 6. Kohlbrugge se houding teenoor die Afskeiding

Aan die begin van 1834 het Kohlbrugge na Nederland teruggekeer. Dit was ook die jaar van die Afskeiding.

Kohlbrugge het nie met die Afskeiding saamgegaan nie. Blykbaar het De Cock Kohlbrugge om advies gevra oor die Afskeiding. In sy antwoord wys hy die Afskeiding af. Sy antwoord aan De Cock is: ***Ons moet passief wees in alles***. Met passief wees bedoel hy beslis nie dat ons niks moet doen nie. Wat hy wel bedoel, is: ons moet *preek*, en met preek bedoel hy: Kerkhervorming moet in die hande van *Christus alleen* gelaat word.

Die apostels, so skryf Kohlbrugge, het nie menslike krag en planne gebruik nie, maar hulle het gepreek. Die geheim van die triomf van die apostels se prediking lê daarin dat hulle oorwin het deur die bloed van die Lam. Wie hier 'n ander weg wil inslaan, is erger as Ussa wat met eie hand die ark van God orent wou hou (2 Sam.6).

Hier sien ons weereens die groot beginsel van Kohlbrugge: die mens kan niks doen. Christus alleen is alles. Ons kry weereens te make met sy hoë waardering vir die prediking.

## 7. Uiteindelik Predikant in Elberfeld

Ter wille van sy gesondheid het Kohlbrugge en sy gesin op 4 September 1845 na Godesberg in Duitsland vertrek.

In daardie tyd is die Die Niederländisch-reformierte Gemeinde gestig en op 9 Mei 1848 is Kohlbrugge as hulle predikant bevestig. Daar het hy predikant gebly tot met sy dood op 5 Maart 1875.

In Elberfeld het hy ook baie geskryf en studente opgelei. Hy het onder andere ’n volledige kommentaar op Romeine 7 geskryf.

## 8. Sy belangrikste boek

In 1845 het Kohlbrugge wat my betref sy heel belangrikste boek geskryf .

Die titel van die boek is in Afrikaans vertaal: **Waartoe die Ou Testament?** Dit wil sê: Wat is **die waarde, die betekenis van die Ou Testament**?

Dit wil Kohlbrugge ons weereens uit die Nuwe Testament leer.

Sy oogmerk met die boek was om te laat sien dat die Nuwe Testament ons die Ou Testament leer waardeer en verstaan.

Hy haal ’n hele klomp getuies uit die Nuwe Testament aan: die Jode wat nie in Christus wou glo nie (soos die Fariseërs), Jode wat wel in Hom geglo het (soos Simeon), Jesus self en al die skrywers van die Nuwe Testament.

En dan toon Kohlbrugge aan: **al hierdie getuies in die Nuwe Testament leer ons twee dinge in verband met die Ou Testament**:

1. ***dat die Ou Testament vir hulle die gesagvolle Woord van God en***
2. ***dat die Ou Testament die Messias as inhoud het***.

**Ek beperk my tot:**

## 8.1. die getuienis van Simeon.

In Lukas 2:25 staan van Simeon: hy het ***die vertroosting van Israel verwag*** (vgl. Jes. 40:1; 49:13; 51:12; 54:11; Hag. 2:8). Waar het hierdie verwagting van Simeon vandaan gekom? Hy het dit gekry uit die Ou Testament. Die Ou Testament is vol van die belofte van die komende Messias. Met hierdie uitdrukking dat Simeon ***die vertroosting van Israel verwag*** het, gee die evangelis duidelik te kenne dat Simeon die boeke van Moses en die profete as die ***gesagvolle Woord van God*** beskou het, want hy het die vervulling van die belofte van die Messias daarin as baie naby beskou.

Simeon was so vol van hierdie geloof, verklaar Kohlbrugge, dat hy nie kon ophou bid dat hy die vervulling van hierdie belofte aangaande hierdie Vertroosting mag belewe nie. En, sê Kohlbrugge, iemand wat so bid, bewys daarmee dat hy die woorde van Moses en die Profete as ***die waaragtige woorde van God*** beskou.

Dan laat Kohlbrugge sien wat vir Simeon die **inhoud** van die Ou Testament was: Simeon het begeer om **die Gesalfde van die Here** met sy eie **oë** te kan aanskou. Dit bewys dat hy die Ou Testament, onder andere Jesaja 33:17 ***Messiaans, van Jesus, verstaan*** het. Want in Jesaja 33 staan: ***Jou oë sal die Koning in sy skoonheid aanskou***. En in Lukas 2:30 jubel Simeon dit uit dat sy **oë** nou inderdaad die heil van God gesien

het en uit hierdie woorde van vers 30 is dit vir Kohlbrugge duidelik dat Simeon daardie woorde geken het en ***Messiaans verklaar*** het.

In Lukas 2:28 staan: Simeon het die Kind Jesus in sy arms geneem het en God geloof. Dit is diep aangrypend wat Kohlbrugge van hierdie daad van Simeon skryf. Daarmee sê Simeon: Die boeke van Moses het vir hom in vlees en bloed oorgegaan. Simeon staan met die vervulde Ou Testament, met die inhoud van die Ou Testament, in sy arms. Voor sy oë sien hy in vlees en bloed dat God se Woord waaragtig en betroubaar is. En hy erken dit deur God te prys en in al die tekste wat hy aanhaal – Ou Testamentiese tekste wat hy vervuld sien in die vleesgeworde Woord in sy arms.

Simeon sien met sy eie oë die gesag van die Ou Testament en hy aanskou met sy oë die inhoud van die Ou Testament, die Messias.

Hoe kan dit wees dat teoloë en Bybelvertalings in ons tyd die Messias nie meer sien in die Ou Testament nie? Hoe sien die ou Simeon Christus wél in die Skrifte, ook, ja ook – let wel - toe Christus nog nie eens daar was nie en nog nie in sy hande was nie? Waar kom hy aan sy Messiasverwagting? Waar kom sy verwagting van die Vertroosting van Israel vandaan? **Hy het nog nie eens die Nuwe Testament gehad nie!**

Dit sê Kohlbrugge in 'n preek oor Lukas 2:25: *Dit was uit die Heilige Gees*. Die Heilige Gees was op Simeon. Dit was God die Vader wat Simeon vanuit sy genadetroon deur die Heilige Gees aangespoor het en in sy sondeverlorenheid na die profetiese Geskrifte van die Ou Testament gedryf het. En daar – in die Ou Testament – het Simeon gelees van die heerlikheid van Christus en van die magtige vertroosting van sy leer. Deur daardie profetiese Skrifte het die Vader Simeon aangespoor om die dag van die koms van sy Seun in die vlees te begeer.

As iemand wil weet hoe die lesers in daardie tyd die Ou Testament verstaan het, hier kan hulle dit lees: in die geïnspireerde Nuwe Testament.

## 9. Kohlbrugge op sy sterfbed

Aan die begin van 1875 het hy op sy sterfbed gelê.

Terwyl hy op sy sterfbed gelê het, het ’n kollega na hom toe gekom en vir hom gevra: Dominee, is jy nie bang om te sterf nie. Daarop het Kohlbrugge geantwoord: Nee, ek het klaar gesterf – op Golgota.

Op 5 Maart 1875 is hy oorlede.

## 10. Naskrif

Ek wil hierdie naskrif by my lesing byvoeg. Dit is dus nadat ek die lesing al gelewer het.

Ek het in my lesing doelbewus nie soveel op Kohlbrugge gefokus nie, maar ek het die fokus laat val op sy boodskap, op dit wat hy ons so graag wou leer leer: ***Christus alleen.***

In die verband dan hierdie naskrif by my lesing.

Kohlbrugge het op 'n stadium die volgende opmerking gemaak: "Wie my verstaan het, sal nie 'n boek oor my skryf nie".

Dit sluit so wonderlik-mooi by sy hele teologie - ***die mens niks, Christus alles*** -aan.

Want met dié opmerking het hy bedoel: ***óók hy wat Kohlbrugge is, is niks***. Al wat hy wou doen, was om op Christus te wys: ***Christus ons alles***, Christus alleen, Christus in sy heerlike volkomenheid en volheid. Hom wou hy in sy geskrifte en preke grootmaak.

Christus was Kohlbrugge se lewe, Christus was vir hom alles en oor Hom wou hy leer en klein mensies leer dat Christus alles is en alles doen en gedoen het vir ons saligheid. Ons hele geestelik lewe is van begin tot einde net Christus alleen. Ons het Hom in ons hele, totale geestelike en liggaamlike lewe so nodig. Sonder Hom kan ons niks doen nie.